JJ FAHEYGES
302800 FASEYD
NUUSBRIEF SANAE X

AAN MEVR J MALHERBE
VER IN DIE WERELD
SAUK
MINNAARSTRAAT
PRETORIA
LIEWE JOUBERG,
JY IS HEELTEMAL REG DAT DIE VERSOEKPLATE N SPESIALE BOODSKAP VIR ELKE LID HET X DIT MAAK ONS TE MEER DANKBAAR DAT JY DIE MOEITE DOEN OM DIE VERSOEK TE SPEEL X
BY SANAE LOOP N ONGELUKSVOEL ROND ENKMEL IN DIE PERSOON VAN PIET SUT X TYDENS SY SKIEWIEBEURT HET DIE WASMASJIEN SY LAASTE RUK GEGEE X OOK HET DIE SNEEUSMELTERSKAG DIESELFDE DAG GEKOLLAPEER SCHALK EN SUT HET DIT ALWEER HERSTEL X SATERDAGAAND WAS SUT OPERATEUR TOE ONS LAASTE PROJEKTORLAMP SY LAASTE LIG UITGESLAAN HET X SCHALK SE INISIATIEF HET TOT N KONNEKSIE MET DIE SKYFIE PROJEKTOR SE TIEN MAAL SWAKKER LAMP GELEI X SO ONS FLIEK WEER X DIE DOEK IS NOU NET TIEN MAAL KLEINER DOG ONS GEESDRIF WORD NIE GOU GEDEMP NIE X
TERLOOPS - RINA IS ALPHIE SE MOSADI X
ONS MUSKEG LOOP WEER EN ONS WIL BAIE GRAAG DIESEL BY DIE BUKTA GAAN HAAL X OMDAT DIE DOKTER EN DIE WETENSKAPLIKES NIE DIE BASIS MAG VERLAAT NIE IS DIE BESKIKBARE MANNE TE BEPERK EN MOET ONS WAG TOTDAT HENRY HULLE TERUG KOM X
DIE BORGAMANNE VERSAMEL AL KLIPPE X HENRY HULLE IS HALFPAD MAAR WORD NOU AL VIR N WEEK DEUR SWAK WEER OPGEHOU X ONS DRA JOU BOODSKAPPE GEREELD AAN DIE BORGAMANNE EN VELDPARTY OOR X
PIET KING WIL GRAAG +FROM A JACK TO A KING+ VAN NED MILLER HOOR X HET JY N RESEP VIR HOM HOE OM VAN PIESANGFLOKKIES EEN OF ANDER COCKTAIL AANTE MAAK X SE VIR HOM DIE MANNE IS GEBOU VIR SY BROUSELS X
SOOS JY WEET VREET DIE HUSKIES ALLES BINNE OF BUITE HULLE BEREIK OP X DIE VROEERE GARAGE IS AL SAGGOGEVREET, DOG - VERSTAANBAAR JOU LUIDSPREKER IS ONGESKONDE X DONDERMIDDAE IS DIE ENIGSTE TYD WANNEER HULLE TJOEPSTIL GEHANIEERD IS X
N HUSKIE GROETE X
SANAE XO

Dit was bewolk en effe onaangenaam g.g.d. 'n sleg te wind - so 15 knope. Ek het 'n klomp fotos van die honde buite gaan neem, en toe later die fotos ontwikkel. Effe oorontwikkel lyk dit - dog ek sal kyk hoe die afdrukke lyk.

Clive en Peter het toe met die Toboggan na sy nugsak gaan soek, en dit so 7 kilometer vanaf die basis gekry. Hy was werklik baie verbly.

Ek het 'n klomp monsters darem van die ouens vanaand geneem.

Gisteraand het ek geslaap soos 'n klip, en is nou nog lekker vaak.

Ek weet eintlik nie wat om te sê nie. Ek is heel vir geselsdag is so teleurgestel met vandag se groep, dat ek niks aan kan dink nie.

Vanaand het Peter vir ons baie van die Noorweegse kos gemaak. Skaap-tong; "Mushrooms", Chips en van hul koffie probeer. Dit is growwe korrels en baie flou. Ons het ook van die Franse mostard en Chutney probeer - albei lekker.

Tot môre-aand dan.

Vrydag 19 ~~Aug~~ Sept. 1969.

Nou ja, wat kan ek nou van vandag skryf. Ek het my lekker uitgeslaap, en gevolglik eers na 2 nm. wakker geword. Eintlik het ek verwag dat Clive my vroeg sal kom wakker maak, om hom te help om nuwe pale vir die honde in te sit. Sulke pale is al ~~effen~~ so-te-sê toe geakkumuleer.

Die rede was toe dat dit buite glad-nie 'n aangename dag was nie. Temp. -24°C, bewolk, wind ±20 knope en nogal redelike harde sneeuval. Dit is ons eerste na-winter sneeu. Die feit dat dit so lank gelede gesneeu het, en dat ons voor midwinter ons laaste storm gehad het, het veroorsaak dat

die oppervlakte gesak het. Dit is ook a.g.v. die kompaksie van die ys tydens die stawwe kome. Anton en Wolff - hulle se weer is dieselfde en fantastiese ergie sastrugi het veroorsaak dat hul net 1 kilometer oor die berg kon vorder. Henry hulle het 12 kilometer suid gevorder, dog die hoë ongelyke harde sastrugi het veroorsaak dat 'n slee ongeval het, en hul moes toe stop. Anton en Chris is nog op dieselfde plek.

Ek het vanaand begin om 'n klomp proef afdrukke van al my negatiewe (s/w) te maak. Sulke negatiewe is egter baie vuil, en hul het ek nou begin was. Dit het my 'n hele ruk besig gehou. Ek en Butler het toe in die kombuis aan die gesels geraak oor ons families, besture, motors, en troeteldiere - honde in die besonder.

Na dit het ek so vir 'n uur gelees, en dit is nou al 3 vm. So, nou sal ek moet gaan slaap.

O ja, Bob het toe vanmôre gevra of ek my opnames kan herhaal. Die ou wat op was - Johan Grobbelaar (Sanae IX) - was baie harde hoejawel en sê dat dit maar jammer is en my ongeluk, en dat ek gister moes gebel het. So, nou weet ek hoe om op te tree.

Dan maar eers weer goeie nag.

Saterdag 20 September 1969.

Ek het toe glad nie so laat geslaap nie, en was al 10 vm. uit die bed uit. Ally wekker het 5:45 vm gaan staan, en ek het nie geweet hoe laat dit was nie, en het só uit die bed gekom.

Die hele dag was ek besig in die radiokantoor. Ek het meerendeel net na verskillende stasies geluister. Na ons rugby geluister het, het ek met Hennie toe redelik lank gesels. Maar hy het ons laat weet dat hul nie meer die dubbel of gelyke wedden-

skap aangaan nie. So ons het nou 'n Kaarte-bies geneem en hoop ons kry dit. Ons radio-operateur het gesê dat hy dom, patrioties of braaf moet wees om met die wedloopskap aan te gaan, en hy is nie een van die drie nie. Charles Porteous het toe niks gesê van die brief wat Peter aan hom geskryf het nie.

Van die eerste keer hierdie jaar het ons nie vanaand fliek gehad nie. Niemand was eintlik lus nie - met die oog ook op die klein en swak doek.

Phil, Schalk, Lieb en ek het toe vir 'n lang ruk krieket gespeel op die snoekertafel. Dit was heel interessant, en die aand het gou verby gekom.

Môre is ek skrywer en wil Bob en ek op die radio met S.A. werk in 'n soort kompetisie wat hulle het. Dit beteken vroeg opstaan.

Ek is ook besig met 'n kaart van Antarktika met die geskiedenis daarop, en al die basisse. Het eintlik gister daarmee begin, en vandag so 'n rukkie daaraan gewerk.

Jong jy, behalwe om nogmaals te sê dat ek my rik verlang, is daar nie veel te sê nie. Ek kan nou al skrywas dat daar nie 'n somer-ekspedisie is nie, wat beteken dat die skip teruggaan sodra alles af- en opgelaai is.

Ek het met Gough gepraat - die R.S.A is nog daar.

Die Berga ouens is nog op dieselfde plek, die tologgan se ketting het egter gebreek. Van Marry het ons niks gehoor nie.

Ons weer was vandag dieselfde as gister, behalwe dat die temp. -18 was.

So, baie aangename nagrus my liefling.

Sondag 21 Sept. 1969

Vandag was ek nogal betreklik bedrywig. Gisteraand kon ek nou om die dood nie aan die slaap raak nie. Ek het gelees tot 1 vm. – toe geëet tot 2, toe gelees tot 3, en weer geëet tot 4 vm. Die laaste ½ uur het ek ook weer gelees. Naamiddag 11 vm het ek toe opgestaan en met my skeiwe-pligte aangegaan. 12 uur het ek en Rob toe begin om aan die kompetisie op die amateurradio deel te neem. Dit het 5 nm. geduur en toe het ons 50 stasies gewerk.

Ek het 'n heerlike gesels met Hennie, Liet en Smittie in Windhoek gehad. Liet het vandag ontsettend goed deurgekom. Ons het met Alex ook gepraat op die kompetisie en hom gevra om aan jou groete oor te dra.

Die weer buite was vandag presies dieselfde as gister.

Met die Berga-ouens gaan dit goed. Met Henry-hulle ook nou beter. Hulle het ontsettende probleme gehad. Gister het 2 maal in dieselfde skeur by Jekseler in dit gery met die slee – net Lg. en het eers met Henry se hulp en toe alleen uitgekom. Ook Henry het in 'n skeur gery, en twee opgetrap. Hul het gisteraand al so 5 kilometer van Grunehogna af gekom – elk met 'n slee, en vandag toe teruggegaan om die ander slees en ou. die of een uit die krewas te kry. Hul matrasse het ook gisteraand vanaf die slees gewaai. Die kon hul nie kry nie. By hul is 'n wind (katabaties) wat opstoot tot 45 knope. Die sastrugis is tot bakhoogte glo, en hul het vandag met grawe vir hul 'n pad gelyk was waak. Dit is ook so hard dat die mushy daarop gly.

Vanaand het Schalk, Peter en ek ons tyd verdryf met snooker, tot 3 vm.

Toe het ek gaan bad – my hare gewas en dit geniet.

My Ma en Pa was saam met Liet, en volgens haa het sy haar gebel, en gesê dat ek baie

swaarmoedig tydens die oproep geklink het. Ek het toe naa verduidelik dat dit maar was omdat die toestande so sleg was dat ek maar so geklink het.

So-voorlopig dan maar tot 'n aangename nagrus.

Maandag 22 Sept. 1969.

ZCZC PSO05 22-9-1969
GROBLER 15 SEPT.
LIEFSTE ALPHEUS,
JAMMER OOR NAWEEK MAAR HEIN HET MOEILIKHEID
MET BEDIENDE OM RENSCHIA OP TE PAS, TOE NEEM ONS VIR MASKOEN,
EK HET JOU BRIEF VIR HENRY GESTUUR EN GEVRA HY MOET KAMERA VIR
JOU KOOP EN ALLES REGKRY VIR DESEMBER.
RINA SE RING IS PRAGTIG. ALMAL STUUR GROETE EN DIT GAAN
GOED HIER. VERLANG NET BAIE. PIET STUUR GROETE ONS SAL SATERDAG
LUISTER, JY MOET ROEP.
LIEFDE,
OUERS.

Vandag was ek nooit buite die basis nie, en het ons baie wisselende weer gehad. Gister, Vanmôre was dit soos gister, namiddag het dit opgetrek, vanaand het die wind na Wes gedraai, en in 'n kort rukkie tot 50 knope gewaai.

Ek het niks in besonders gedoen nie. Met Henry en die Rorga ouens gaan dit dieselfde as gister, en almal is nog op dieselfde plekke.

Rob het kontak met Alex gehad, en toe 'n kontak vir Woensdag gereel waarna ek sommer baie uitsien.

Ons het so vir 2 uur met almal in die veld snert gepik, ek het toe vir jou en my ma elk 'n brief op die teks getik.

Ruit, Schalk en ek het toe na so 6 van ons dokumentêre films gekyk.

Verder niks, en sien ek nou maar na Woensdag uit.

Elsa, die een teef, is in haar krie daar

Dino gekyk, met nou 'n abses daar, en sal ek haar môre begin behandel. Hy trap gladnie op die l. agterbeen nie.

Lekker slaap.

Dinsdag 23 Sept. 1969.

Ek het vandag laat geslaap, na ek tot vroeg vanmôre gelê en lees het aan D.H. Lawrence se Sons and Lovers. Baie interessant.

Vanmiddag was Piet, Schalk en ek vir so 2 uur buite. Dit was -15°C, en sommer lekker warm met die geen wind nie. Dit was bewolk, met nou en dan ligte sneeuval. Die doel was eintlik om pale te kry om vir die honde in te sit. Die volwassenes buite se pale is al toe geakkumuleer. Ook wil ons die jonges uitneem. Ons het toe twee stellasies begrawe. Een met pale, en die mediese stellasie. Met die sneeuval is die oppervlakte nogal sag, en loop is mens moeilik.

Henryhutt en die Borga-ouens is nog almal op dieselfde plekke. Op pad na hul huidige plek het al Henry-Hutte se matrasse weggewaai. Hul moet nou net op die skaapvelle slaap. Gordon het agteruit met die muskeg gery, en een van die tente plat gery. Hul noodtent moet hul nou gebruik.

Schalk en ek het vanaand na "Hot Enough for June" gekyk. Ho en paar ander ouens was vir kort rukkies ook by. Die swakker lampie maak dat ons nou die film enige plek kan stop, en almal geniet dit natuurlik terdeë.

Na 'n pot of 2 snoeker het ek my nou maar begewe tot die bed en my boek.

Nie eers dan weer goeie nag.

Woensdag 24 Sept. 1969

[illegible] 18. SEPT. 24-9-1969

LIEFSTE ALPHIE,
BAIE DANKIE VIR ALLES-/OPROEP, BRIEF EN BLOMME.
EK WAARDEER DIT REGTIG BAIE-VERAL DIE KAARTJIES BY BLOMME-KAN
DIT AMPER NIE GLO NIE- ONTHOU VAN HIERDIE KANT AF IS DIT DIESELFDE
AL IS DIE BRIEWE SOMS ONPERSOONLIK. EK VOEL SLEG OOR JOU OPMER-
KING OMTRENT ONENTOESIASTIES- JY'S VERKEERD- BAIE OPGEWONDE
MAAR OOK BAIE HEIMWEE EN VERLANGE. EK IS BLY DAT JY WEER VOLGENDE
MAAND BEL. HIER WORD DIT OOK WARMER- BAIE BLY DIE WINTER IS VERBY
WAS VERLEDE NAWEEK BY MAGDA-HULLE. VERDER GAAN EK SOMS FLIEK OF
NA OPVOERINGS- SPEEL HEELWAT KAART EN DOEN BAIE NAALDWERK.
PROBEER ALTYD BESIG BLY. HET STEYN GEKONTAK- HIERDIE MAAND MEER
AS DUBBELD DIE GEWONE INBETAAL. SLUIT SEKER BONUS OOK IN.
FANTASTIES VIR JOU.
AL MY LIEFDE EN SOMMER BAIE VERLANGE,
[illegible]

Ja, die brief het darem in 'n mate opgemaak vir die verlore kontak vandag. Die frekwensie wat oor besluit is was beset, dog ons het oral gesoek en gevolg. Hoop nou maar dat ons later goeie kontak kan maak. Ek is ook baie bly dat jy meer woorde geskryf het. Ek sal ongelukkig nie maklik meer kan skryf nie, dog kan soveel van jou gereeld ontvang.

Vandag het ons werklik 'n hittegolf gehad. Ek was sonder anorak of hoed buite. Die temp. was op een stadium -7.8° C. Dit het ontsettend hard gereën. Soos wat 'n mens altyd in die fliek sien.

Clive, Schalk, Peter en ek het die twee sleds vol diesel ingepomp. Om te glo hoe maklik vloeiend dit is, teenoor hoe dik dit was.

Ons het toe ook vir Bamsi en twee van die jonger honde uitgeneem en gaan vasmaak buite. Die pale is nog nie ingeplant nie.

Die oppervlakte met die sneeuval nou is natuurlik treurig. Die muskeg kan net een vrag ~~[illegible]~~ met diesel trek.

Ek het nou maar vroeg (10 am) in die bed geklim, om te probeer vroeg opstaan en ietsie te lees.

Verlang natuurlik nou lekker baie. Goeienag.

Donderdag 25 Sept. 1969

Ek het toe, om die boek klaar te kry, dit vroeg vanmôre gelees. Het toe eers 'n rum opgestaan en na Joubero geluister. Daar was vir my 'n boodskap van Henrietta hulle.

Namiddag het ek aangegaan met die kaart wat ek besig is om te teken. Eintlik net om die papier voor te berei. Ek het ook my maandverslag geskryf waarin ek aanbevelings i.v.m. ons opleiding gemaak het.

Vanmôre was amptelike telefoongesprekke. Peter se promotor sal voor die volgende veldparty laat weet aan die Dept. dat hulle wil hê hy moet waarnemings in die veld gaan doen. Hy is baie opgewonde daaroor.

Barry en ek het 'n baie interessante krieketwedstryd op die snoekertafel teen Schalk en Peter gespeel. Dit het laank geneem, was spannend, en ons het 2-1 verloor!

Barry het vir Rob ingeklim omdat hy so lui is en met alles wegkom. Dit het begin toe Rob gesê het hy het nog nie tyd gehad om ons Radio Nederland boodskappe te tik nie.

Vandag het ek ook begin om matte voor te berei om weer te probeer blomme groei. Ek hoop dat ek die keer meer suksesvol sal wees.

Henry hulle is darem weer op-pad, en het vanaand 8 nm. net vir so 'n rukkie opgekom om te sê dat hul nog besig is om te ry. Hul is naby Slettfjellmontane. Waar ek laas die brief vir jou geskryf het.

Elsa is gesond, en die skaende buite is vol lewe. Vandag was dit weer bewolk, met 'n temp. so 1 - 15°C gemiddeld.

Rob het met Alba gepraat en toe 'n kontak gereel vir Sat. 15.30 G.M.T. So nou lewe ek weer daarvoor.

Om te dink 7 maande gelede het die skip van hier vertrek. Voel eintlik langer gelede. Omdat

ek so baie verlang. Ek mis julle regtig baie. Ek hoop net dat alles goed gaan vir julle, en ons land en gelukkig getroos sal wees. Vanaand is ek omtrent lang. Ek sal in werklikheid julle brief so graag afskryf nie, want ook hier om naam eintlik wat wil kan kom, en die hoop smeek. Jy sal ook nie 'grande' wil hê. Ek dink ons daarvan deur dit gaan en herhinnering oor Dwalfsketl (nie noodwendig), jaal, afwagtend ... Nou is magistraat in ek daarom ook nie hier nie. Ons sal maar moet nog tot ons saam daaroor kan praat.

Al my liefde — en goeie nagrus vir julle.

Dinsdag 26 Sept. 1989

Jong vandag het ek 'n lekker vol dag gehad. Clive het my 11 om kom wakker maak, gesê dit is pragtige weer buite, en gevra of ek kan kom help met werk. Ek het toe om 11:45 opgestaan, en dadelik begin help om die dansvloer skoon te maak. Na dit het ons die skiewiedomme toe gaan regmaak, pale vir die honde gekry, want die laaste ook - wat 'n massiewe ding was.

Clive en ek het die ou vol opgegrawe, en die lang pale middeldeur om vir die honde in te plant. Ons het toe begin om die pale in te plant. Ons het 15 ingeplant, drie op elke elke lek so 3 vt diep, en party staan so 9 vt bo die oppervlakte. Dit was windstil, met heerlike sonskyn, -15°C. Ek het vir 3/4 met kaal bolyf gewerk om te probeer braai - en dit voel nog nou of my nek so effe gebrand het.

Terwyl ons met die pale besig was, het Clive begin om die hondekos te organiseer. Toe die honde dit hoor en sien, moes jy sien hoe begin hul spring en tjank. Jonas was omtrent van sy kop. Ek het hom gaan losmaak - hy het toe reguit vir die slee gehardloop. Clive het vir hom 'n harnas aangesit, en ek het hom

so vir 'n draai geneem. Jy moet sien hoe het hy my getrek. Partykeer loop hy so om, maar as ek skreeu "trek" dan sal hy weer weg. Hy het my natuurlik ook moeg gehad, dog hy het self geblaas. Hul is natuurlik heeltemal onfiks.

Viking en Bravo weet nie wat hul buite getref het nie. Hul is heel onnosel en weet nie hoe om op te tree nie. Hul was bv. nie so opgewonde om die sleeslee met die vleis te sien, soos die ander honde nie. Waar die ander nader storm en op 'n mens wil spring as jy nader kom, gee hul pad en gaan lê. Hul sal gou leer.

Henry-hutte is deur wind en swak sigbaarheid vertraag. ~~deur swak weer~~. Anton en Wilf is aan die Oostekant van Mana en sal van daar die berg probeer bestyg. Chris en Anton is nog op dieselfde plek.

Na ete het Chris, Dirk, Peter en ek 7 nuwe harnasse vir die honde gemaak. Ek 3 v/d totaal. Chris het net 1 gehort vir die span van 11. Ek gaan met die orige 4 jonges, Dino en Elsa probeer nog 'n span opmaak. Dit sal baie moeilik gaan om hul te leer, omdat net die twee teewe so iets van trek weet.

Indien die weer dit toelaat, wil ons môre probeer om so 'n draai met die ou honde te ry. Vanaand waai die wind, dog môre mag dit weer mooiweer wees.

Die harnasmakery het ons besig gehou tot 2 nm. Dit is amper al 3 vm – en môre is ek weer chiewie.

Die Racal sender is stukkend, en Bob werk daaraan. Hopelik sal ons Maandag weer op die lug wees. Die radio vir amateurwerk is darem reg. So, ek hoop ons kan môre lekker gesels.

Baie lekker slaap hoor!

~~Sondag~~ Saterdag 27 Sept 1969

As ek sê dat ek baie verlang, sal dit tog nie enige verligting bring nie. 'n Groot vergroting van jou mis ek regtig baie. Ek dink jy sal een moet afstuur.

Ek lê nou lekker warm en skoon in die bed ná my verkinde bad aan die einde van my skeerdag. Vanmôre was dit maar treurig buite. 30 knope wind- gejaagde sneeu bewolk. Die honde gaan dit ook nie goed. Teen vanaand was die wind stil, en -18°C en min wolke.

Behalwe vir my en Barry se krieketwedstryd teen Schalk en Peter, het ek niks in besonders gedoen nie.

Ek het so 'n rukkie met Hennie kon gesels, en niks van Alex gehoor nie. Hy was seker by die uiters opwindende Boland-W.P. wedstryd. Ons het ingeluister, en 'n pragtige ontvangs gehad.

Vanaand het ons weer na The Last Lady ~~gaan~~ gekyk. Die voordeel van die flou liggie is dat ons nou die fliek op enige plek kan stop. Jy kan natuurlik raai dat dit orals is waar 'n mooi gang of teen is.

Verder niks besonders. Henry Lubbe het 'n paar sleg voorruit geneem, en nog een gebreek. Van die oorspronklike 6 is nou nog net 4 heel.

Dan maar weer goeie nag tot môre.

Sondag 28 Sept. 1969

Vandag was met een woord fantasties. Gisteraand kon ek om die dood nie aan die slaap raak nie. Ek het toe maar laat gelees, en seker eers na 3 aan die slaap geraak.

Vanmôre 9:30 vm het Clive my kom wakker maak, gesê dat dit mooiweer is, en of ek sal kom help met die honde. Dit was sonskyn, wind- en wolkloos, en -20°C. Pragtig, en warm omdat dit so stil was. Ons moet nou 'n sonbril buite begin dra omdat die glans vanaf die sneeu so helder is.

Die inspanning was ~~dat~~ die begin van 'n

baie aangename ondervinding. Clive, Chit, Dehalk, Peter en ek was buite. Ons span die honde in in dubbel lyn weerskante van 'n trekstok in, en wel :: in 'n span. Dit lyk m.a.w. so . Die leier, Kernelius is heelvoor. Daar is 9 ou honde, en twee jong ongeleerdes by, nl Bravo en Viking. Van voor na agter volg-eers L. dan regs. Kernelius voor, Cammie, Bravo, Ringo, Kero, Topaaz, Timbel, Lassanin, Vrystaat, Viking, Jomo. Die Huskies kom natuurlik van Lakkli. Die eerste bakleiery was tussen Lassanin en Vrystaat. L.g. is jonk, en baie grootmenes. Hy het Vrystaat sommer met die intrap bestorm en onverhoeds gevang. Om hul los te kry het baie sukkel, vuiste en voete gekos. Hul gryp so vas, dat jy hul nie kan lostrek nie. Vrystaat het so 'n een haar ingekry, Lassanin se oor het gebloei, maar ek het V. geen kans gegun. Toe Timbel die Topaaz van storm het Clive ingewikkeld, hy was skoon stukkend geslaan en dit was laaste T. is so oud soos Lassanin, en ook sulke "boy". 'n Spat pen word voor die honde aan die trekstang ingeslaan, en agter aan die slee. Met Clive gee bevele, Trek, links, Haa en Ushoa. Daarna met die wegtrekslag-die penne word gelyk uitgetrek en dan moet jy gee pad-storm Kas weer na Vrystaat. Ons mon net begin losmaak, toe sê ek Chit moet hul los. Voor L. geweet het wat by is, het V (n regtige kroonige borttlumeange hond) hom plat en in 'n wurggreep. Dit was te goed - L. ruk hom los, gee vinnig pad terug na sy kant, en besluit om liewers vir die honde voor en agter hom te kom. Dit was die einde van sy grootmenes spelery. Ek het dit heerlik geniet, om te aanskou hoe gou hy op sy plek geset word.

Ons het so 'n 1½ kilometer na Ottobukla se kant gery-met 2 stoppe. Die honde is maar lekker onfiks. Bravo en Viking is eers saamgeslaan, maar het besonder vinnig geleer om te trek, en was regtig

baie gemaklig. Teen die einde was hul baie moeg.
Kennelik moet ook nog goed geleer word. Hy reageer
nog nie goed op bevele nie, en 'n mens moet of vooruit hard-
loop, of aan die kant waarnatoe jy wil hê hy moet draai.
Ons wil hom net op bevele laat reageer, want die hardloopery
is uitputtend en verkeerd. Chive oorweeg dit om 'n sweep te
maak. Meeste van die tyd het 3 gery en 2 van ons langs
of voor die slee gedraf. Dit maak 'n mens nou moeg, want
die oppervlakte is redelik sag – 'n mens sak so 1½ dm in.

Ons was 12 nm weer terug, die honde uitgespan en
iets kom eet. Na dit het ons die 4 jong honde* uitge-
neem en aan die nuwe pale gaan vasmaak. Daaroor is
ek ontsettend bly. Hul is maar vuil en bekwerig, dog sal
binne 'n paar dae regkom. Hul lyk heel gelukkig. Nog nie
die smeer, en weet nie juis wat om te doen nie. As die ander
honde blaf, blaf hul saam, en ook so as die ander huil.

Dit was nou regtig so mooi buite, dat 'n mens net
nie nou inkom in die huis nie.

Ek het lekker lank met Hennie gesels, ook so 'n
rukkie met Fanie (ZS1AL) in Stell.

Later het ek my film ontwikkel, en 'n paar afdrukke
gemaak. Die resultate is maar so-so.

Ek het toe vir Henry-hulle en vir jou elk 'n
brief gaan tik.

Al die Borga-mense is nou bymekaar, en Henry-hulle
kan nie beweeg a.g.v. swak weer. Die radiokondisies was ook maar
sleg. Miskien het ons vanaand 'n aurora.

Nou, ja, dit was sommer 'n lekker lang geselsie.
Ek sien nou al uit na jou brief die komende week.

Groete magnus vir jou.

* die Chuck. Fidel Charlie Brown. Borga

Maandag 29 Sept. 1969

OPTIMER – 25/9/69

LIEFSTE ALPHIE,

ONS IS WEER TERUG IN DIE WINTER – REEN EN BAIE KOUD NA N HEERLIKE SONSKYN NAWEEK. ALEX HET MY GEBEL – ONS SAL NAWEEK PROBEER KONTAK MAAK – SIEN BAIE UIT DAARNA. MARIAAN-HULLE SE TAFELMAATS OP BOOT WAS SKINNER-MENSE VAN P.E. HULLE WAS OP PAD TERUG NADAT HULLE OOK BY GORDON SE OUERS IN SKOTLAND GEKUIER HET- KLEIN WERELD. ONS HET VRYDAGAAND 'KATRINA' IN DIE NUWE STER 700 TEATER IN PAROW GAAN SIEN. FANTASTIESE TEATER. HIER WORD OOK N NUWE RESTAURANT TEEN R45,000 OPGERIG – NOORDELIKE VOORSTEDE BOER VOORUIT. ALLES UITTOETS WANNEER JY TERUGKOM. SIEN REGTIG UIT NA ONS VAKANSIE VOLGENDE JAAR – HOELANK GAAN JY NEEM? UWE SE JY MOET HORLOSIE NET SO LAAT – DIS ONDER WAARBORG – MOONTLIK WEERSTOESTANDE WAT DIE OORSAAK WAS VAN DEFEK. DIE KLOMP HIER IN DIE KAAP STUUR BAIE GROETE.

AL MY LIEFDE EN NOU SOMMER BAIE VERLANGE,

RINA.

Vanmôre 7:15 am het Barry met jou brief hier ingekom. Ons transmitter is nog nie 100% reg nie, en hul het die briewe blindgestuur. Die ontvanger werk darem.

Clive het my 10 vm kom wakker maak, maar ek kan om die dood nie opstaan, en was eers na 2 uit die bed. Hy, Schalk en Peter het die garage se skag verleng sodat die klein handjies daar kan in- en uitgevat word. Ons moet nou net 'n hok rondom die skag bou.

Ek was van toe tot laataand redelik besig. In ons stoorkamer het ek al die waterlekke d.m.v. geute na 1 plek gelei, en 'n pypie aangelê na die badkamer.

Toe het ek my pakkamer skoongemaak. Dit was vroeër as 'n water-afslaan plek gebruik. Die vloer was vol op van water wat vanaf die badkamer gekom het.

Na ete het ek eers van Peter se tande gestop, toe almal (behalwe Peter – ongeluk) se tande met Fluor gevef. Ek kan dit nou baie beter doen as op die skip.

Ek het toe vir Schalk gehelp om raam te maak vir 2 vergrotings van Vrystaat wat hy geneem het.

Ek het vanaand ook so 'n bietjie gelees van amateur radios, en dit is nou al na 4. Môre wil ons (afhangende van kondisies) weer 'n keer die hande inspan

Daar was vanaand klyklaar 'n fantastiese aurora volgens die magnetiese, kosmiese en ionosferiese steurings. Dit was ongelukkig bewolk, en het ons dit so gemis. Ook het ons geen kontak met die veldspanne kon kry nie.

Elsa is nou weer aan haar l. voorpoot gebyt met inwendige bloeding daar, en moes ek haar ook behandel. Sy staan nou aan die eindpunt van die ysgang voor die hondetonnel. Maar Mendirie is treurig. Sy eet 1 niks, los alles vir die kleintjies. Selfs as sy net met iets besig is, en 'n kleintjie kom nader - staan sy dit aan hom/haar af. Dino, aan die anderkant, sorg vir haarself, en [illegible] Elsa [illegible].

Origens net verlange en geen nuus. Lekker slaap.

Dinsdag 30 Sept. 1969

Ek het toe maar laat eers gisteraand gaan slaap - het 'n lang stuk in die amateur-radio boek gelees. Ek het die Morse-kode uitgeskryf, en dit aan die onderkant van die boonste bank geplak, en sal probeer om dit so te leer.

Natuurlik het ek toe eers laat opgestaan. Dit was te koud en winderig buite om met die honde te gaan ry. Clive, Schalk en Peter was toe ook al besig om aan die waterpype te werk. Die ysgewig het die pyp tussen die dieselkamer en yssmelter stukkend gedruk, en al die water het uitgelek. Ek het so 'n rukkie daar gehelp om 'n tonnel vir die nuwe pyp te kap.

Verder was ek besig om Mag. se monster-bottels te verpak, en om die bottels vir Sept. en Okt reg te kry.

Daar was ontsettende steurings vandag ook, sodat die radio's en kommunikasies heeltemal stil was. Ons het darem gehoor van die aardskudding by Tulbagh, Wolseley, Ceres.

Vanaand het ek twee tande gestop

wee – van Piet en Clive elk een.

Dit is vanaand mooi oop – dog geen aurora. Omtrent reg deur die nag kan 'n mens reg rondom die horison die gloed van die son sien skuif. Dit lyk soos 'n maan wat besig is om op te kom.

Ek het vandag vir die 2e keer stop- en naaldwerk gedoen. Vorige keer het ek 'n kous gestop, gereeld my handskoene en windbroek ook reggemaak. Vandag het ek 'n trui, 2 broeke reggemaak, en knope aan my twee hemde gewerk. Nie baie professioneel nie, dog dit is gedoen.

As die weer dit toelaat wil ons môre met die honde weer ry. Dit is egter baie koud – so -32° vanaand.

So het Sept. ook omgegaan, Okt. te voor die deur. Soos Schalk sê: „So vord die dae weke".

Lekker slaap.

<u>Woensdag 1 Okt 1964</u>

Na gisteraand se naaldwerk het ek eers na 4 gaan slaap, en vanmôre 11nm het Clive my kom wakker maak, en gevra of ek met die honde sal kom help. Dit was 'n mooi wolklose dag, dog met 'n 10 knope wind en -28°C. Deur die nag was dit -38°C.

Ons het so 2 kilometer uitgery Otterbukta toe, en baie las gehad met Kemetnie wat nie die spoor kan hou nie, of self aangaan. Ons het Charlie Brown saamgeneem, en hy lyk belowend. Viking se l. voorpoot wat gebreek was het skuins na voor aangegroei. Dit gee hom las, wat ontsettend jammer is, omdat hy 'n pragtige groot sterk hond is. Die beste onder die jong honde. Ons sukkel ook redelik met die jong honde, omdat hul lang vir ons, en die grotes is. Hul gaan lê, en veroorsaak dat hul saamgesleep word, die grotes op 'n bondel trek, en so ontstaan 'n bakleiery.

Passerson het ons vir 'n proberslag langs Kernels gehad, dog is te onnosel om te help lê. Hy het

vir Kemelrie gepak – die, met Kevin se hulp, het hom lewe gonder gehad, en so het hy weer die slegste daarvan afgekom.
Vandag was ons so 2 uur lank weg. Bamie begin goed trek, raak later lui, dog trek weer goed terug basis toe.

Vanaand het ek die bloed en ander monsters geneem en dit verwerk.

Ek het ook met my kaart aangegaan. Die papier op 'n bord gemonteer, strepe getrek, tot 1:45 vm. geteken, en sommer baie ver gevorder. Dit lyk goed.

A.g.v. ionosferiese steurnisse het ons nog nie met Pretoria kontak gehad nie, en is jou brief m.a.w. nog nie weg nie.

Ons kontak met Henry-hutte was so-so. Ons het Vrydagaand baie goed met hul gesels. Hul het gisteraand by Borga-basis aangekom, en Chris-hutte was so 'n halfuur se ry van die hut af. Ons begin nou bespiegel wanneer hul sal terugkom, wanneer die volgende veldparty sal wees, en wie sal kan gaan.

Voorlopig dan eers goeie nag.

Donderdag 2 Okt 1969

Ek het vandag eers met Joubert se program opgestaan. Die brief waarin ons verwys het na die dieseldromme by die bakter, wat om uit gaan haal, maar nie kan a.g.v. 'n tekort aan hande omdat die D. en Wetenskaplikes nie die basis mag verlaat nie, het sy toe nie ontvang nie. Ons skraal gis nou wat daarvan geword het. As die Dept. dit gesensor het, hoekom het hul ons dan nog niks laat weet nie, of wie het wat skuldig? Radio kondisies is egter treurig. My twee briewe is vandag eers weg, en daar is nog baie wat moet uitgaan.

Vanmiddag het Pieter, Clive, Pieter en ek

toe is koek vir die klein hondjies gemaak, en vir Dino en die res brute gehad vir so 2+ uur. Die kleintjies het dit terdeë geniet. Dino is in 'n treurige toestand. Ons kon behalwe 'n tefie niemand kry nie, en later het laat genie dat sy dood te maak. O femur was gebreek, met erge bloeding. Dino het haar reeds gebyt. Haar naam was Lucy, en 'n pragtige tefie van Elsa se wêreld. Sy het soos 'n Banda gelyk.

Ek het buite van die honde in Tri-X film opgeneem, om te sien hoe die resultate is. Later het ek dit ontwikkel - en dit lyk redelik.

Ons het geen kontak met die Borgs ooreens gehad nie.

Ek het weer blomme geplant - dit in tuindoos se om kamer geleë, en hoop nou vir die beste.

Behalwe vir 2 potte kruie het weer, het ek nie veel gedoen nie, en is so 2 nm bed toe. Môre is ek skrywer, en indien die weer dit toelaat, wil om weer met die honde uitgaan.

Gooie nag hoor.

Vrydag 3 Okt. 1969.

Ek het net na 4 vanmôre opgestaan, en kon gistraand om die dood nie aan die slaap raak nie - seker eers na 3.

Ek sit nou in die kantoor en skryf, en wil nog net gaan bad, en dan slaap - Ek voel pootuit.

Die weer was vanmôre sleg - laë jagreën en so 'n mistigheid. Teen namiddag was dit pragtige weer. Ek het toe weer Tri X geneem, en dit op 200 ASA geneem om te sien of ek beter kontras kry. Die negatiewe lyk uiteindelik maar dieselfde as gister nie, môre gaan ek dit nou op 100 ASA neem om te sien of dit beter kontras gaan gee. Ek het nie o/w film nie,

hier in genoeg amptelike tri-x- so ek wil daarmee neem, dog moet uis uitvind hoe ek die beste resultate kan kry.

Niks maaks het vandag gebeur nie - die Dept. wil wet hoekom hul nooit oor die veldparty se verdeling ingelig word nie - en vereis nou elke tweede dag 'n verslag. Radiokontak was weereens treurig, en Sheltons niks van die Borgas gehoor nie.

Die transmitters kry nie genoeg krag nie, en Clive en Rob is besig om uit te vind hoekom nie. Clive het skakelaars vervang, selfs al die noodmasjien aangeskakel net vir die transmitters, met effe beter resultate. Die masjien is in 'n Lt. ~~Ballinger~~ Dollande, wat nog uit Norway-Stasie kom.

Ek het kaartjies vir elke hond gemaak met sy beskikbare stamboom - en ook met 'n honde-dagboek begin.

Dit raak nou lekker lank lig al hier. 4 uur soggens is dit al skemer buite, en 8 uur saans kan 'n mens nog die son se gloed sien waar dit onder gegaan het.

Nou sal ek maar die bed storm, en hoop vir goeie radio-kondisies môre sodat ek met Annie kan gesels. Miskien sal Stein môre of Sondag by hom wees.

Wat 'n lekker lang verlange sê ek elke ~~aand~~ ons goeie nag wees.

Saterdag 4 Oktober 1969

Die hele dag was ek weer koulik, na gister se bad. Dit was weereens fantastiese weer buite, dog ek het net geen lus gehad om uit te gaan nie.

Dit was maar 'n stil dag. Radiokondisies was baie beter, en ek kon darem met Annie praat. Ek

moes Rob se stel gebruik het, want hy het aan die R7301 gewerk. Hy het met Yongsh vanmôre gepraat, en hom toe hoor dat Chris 'n boodskap vir Yongsh na Pretoria stuur om vir ons te laat weet dat alles goed gaan. Tennyson besig nou, het Marion ook ingebreek. So hy het seker 'n interessante dag met al die vreemde stasies gehad.

Vanaand het ons Chris toe baie goed gehoor. Gordon en Leon is op pad Kirwan toe om 'n depot te gaan lê. Anton, Johan en Dries is besig om iin 'n nabye gletser gate te boor. Henry, Willf en Chris is by die hut besig om sake te organiseer vir die party na die Kirwan. Peter en Schalk is baie suur hieroor, en meen dat Henry sommer laat gaan bly, en dat hy al die planne in sy kop gehad het, en daarom nie vir Schalk van die begin van saamneem nie. Barry wil ook hê dat hul so gou as moontlik moet terugkom, sodat hy ook berge-toe kan gaan. Ek wens net dat ek weer kon gaan!

Ons het na The Fastest Gun alive en It's all happening gekyk vanaand, en stop nou al die film om mooi meisies in die gehoor, of pin-up fotos in die agtergrond te bestudeer!

Verder toe is ons gesels, en dit is nou al amper 1 vm. Indien die weer dit toelaat, wil ons môre Bukta toe gaan, en op die baai-ys gaan lemmi.

Lekker slaap.

O ja - N. Tvl wen W.P. toe 28-13!

Sondag 5 Oktober, 1969.

Ek verlang vanaand ontsettend baie na jou. Nogmaals wil ek 'n groot vergroting van jou, en het dit self vanaand vir jou genoem in 'n brief. Nou wag ek vir die R.S.A. Ek het vir my ma-hulle ook so 'n kort briefie geskryf.

Ek is lekker positief, en nou al baie eerder gaan slaap het - dit is nou 12:45 vm. Ek het egter ons gewag om na almal se proef-afdrukke

te kyk van die baai-ys fotos. Rob, Schalk en Peter het ontwikkel. Peter is werklik 'n uitstekende fotograaf. Sy fotos is by verre die beste.

Ek is vanmôre al 8 vm uit die bed - 'n hele nadors (van Peter se tuisgemaakte V.d. Hum) Ek het toe egter ingelê, en 'n fantastiese wer is Chris, Rob, Schalk, Pete en ek toe Otterbukta toe. Geen wind of wolke, en -27°C. Later het dit warmer geword.

Ons is toe eerste op die baai-ys, en het daarna die 2 sleës gaan haal. Dit was fantasties. Ek is eerste af-teen 'n redelike helling, en het met 2 klein krewasse teen die kant gekry. Ek sou skat die ys is so 8-10 vt dik. Bo-op die ys is so 'n 6"-12" los sneeu. Teen die kant het dit sommige plekke so 'n opgewaai, met pragtige "windscoops" al teen die kant langs.

Omtrent in die middel van die baai, en op baie ander plekke, is die ys in sulke kampe uitgedruk, en is dit baie naby aan blou-ys. Die sagte opgew. het gemaak dat ons moeilik loop. Ons is eerste weg teen die oostelike wal langs tot op die punt, en vandaar skuinstering na die middel van die W. wand, waar die ys so oorhang en 'n grot vorm.

Dit was ontsettend warm, a.g.v. die helder son, windstilte, en die refleksie. Teen die O. wand, waar teen die son skyn, is jy behoorlik ongemaklik warm a.g.v. die fantastiese refleksie vanaf die son ~~wat teen die wand skyn~~. Ons kon heerlik kaalhand fotos neem, en Pete bv. het vir 'n meer as 'n uur nooit sy handskoene aangehad nie. Jy moet sien hoe is ons gesigte gebrand!

Daar is ongelukkig geen ysberge vasgevang in Otterbukta nie. Net oos daarvan - by Fiskawe bukta - is daar seker so 'n 12 ysberge. Platter, skuinses ens. Op pad na die bukta was het mirages hoog, en so duidelik - dat dit ongelooflik is om te dink dat dit mirages is.

Ons het so 'n entjie in daardie rigting gery - dog

Clive was haastig terug basis toe om te kyk of die Deutze nog loop.

Ons het sommer gou die twee slees gelaai, en op pad terug nog 34 domme drieïe opgetel wat met die voorlaaste keer afgeval het. Eintlik, Peter en ek het beide toggie agteraan gesit - Die laaste 2 kilom. het ons almal tee begin kloud kry. Met my gesig in die wind raak my neus bv. so koud, dat ek dit met my hande moet warm maak. As ek my gesig na die son draai, en die kappie van die Belgiese anorak afslaan om die wind uit te hou, brand my gesig dan heerlik.

Ons het so 6:00 nm by die basis aangekom, en toe moes ek begin kos kook. Ek het Dinsdag Vrydag 'n kalkoen uit 'n ander kas gehaal om te kyk of hul ook sleg ruik, dog die was toe goed. Peter - wat my kontak met Hennie gehou het (glo swak) het die kalkoen toe al 7:15 nm in die oond gesit. Ons kon eers 8:15 nm eet - dog die kalkoen het baie goed afgegaan. Die vel en vet proe egter baie snaaks - so na plasties - en is oneetbaar.

Soos ek reeds gesê het, is die films toe vanaand ontwikkel, en proef afdrukke gemaak. Ek het 2 S/W films wat amper klaar geneem is, en sal hul later ontwikkel. Ek kon duimvas dat hul O.K. is. My 200 ASA Tri-X lyk goed, en nou gaan ek dit op 100 ASA nog probeer neem. Peter in besonder is baie geïnteresseerd daarin, omdat sy S/W amper op is, en hy Tri-X dan op 100 ASA wil gebruik om in die berge mee te neem.

Dié week het gevlieg. Ek hoop net dat die tyd van nou af so sal aanhou vlieg, en dat ons weer so fantasties bly. Dan is ek een van die dae by jou.

Tot weer, en lekker slaap - groete klein Maandag
vir jou!

Maandag
~~Dinsdag~~ 6 Oktober 1969.

Niks dramaties het vandag weer gebeur nie. Ek was my 2e dag kok, en het vark-tjops gemaak wat baie goed afgegaan het. Ek het laat opgestaan, en na aandete toe vir 'n baie lang rukkie aan my kaart gewerk. Ek het nou al die stasies ingevul, en ook omtrent al die geskiedenis neergeskryf. Toe het Pete, Piet, Schalk en ek hoofsaaklik oor fotografie gesels, en deur 'n paar fotografiese tydskrifte geblaai. Dit is ook nou alweer amper 3 vm.

Ons radio-transmitter is stukkend, so daar gaan geen pos uit, en niks is ook vandag ontvang nie.

Die weer was ook nie baie goed nie. Die wind het gemiddeld so 15-20 knope gewaai, toe jagsneeu en later het dit hard begin sneeu ook. Dit was bewolk en -16°C.

By Borga is alles nog dieselfde, en hulle het ook swak weer.

Volgens Clive wil die Belge weer met hulle stasie - Roi Boudouian begin, en het hulle vir Wolf gevra of hy nie by hulle wil aansluit nie. Nou oorweeg hy (Clive) dit om ook te probeer inkom. Ons begin nou al wens dat daar nie 'n somerekspedisie is nie. Dit beteken dat die skip net aflaai, oplaai en dan vertrek. Lietpeerk al selfs uit dat ons dan al 16 Feb. in die Kaap kan wees.

Ek hoop dat die transmitter reg sal wees met ons telefoonoproepe, wat nog vir 16e moet bespreek word.

Verder geen nuus, en lekker slaap.

~~Maandag~~ Dinsdag 7 Oktober 1969.

2300 FO – 3/10/69

LIEFSTE ALPHIE,
HOEKOM SO STIL? ALEX WAS NIE VERLEDE SATERDAG BY DIE HUIS NIE. EK HET MEER AS N UUR VIR HOM GEWAG. HOE EK DAARNA GEVOEL HET – JY BEHOORT TE WEET. EK KEN HOM BAIE SLEG EN KAN DUS DIE ENIGE TYD GAAN LUISTER NIE, MAAR WAG TOT HY BEL. DIE RADIO-KONTAK HELP BAIE. EK WENS DIE TYD WIL GOUER OMGAAN – MIS JOU VREESLIK BAIE. JY WEET SEKER VAN DIE AARDSKUDDING. ALLES IS GELUKKIG ONDER BEHEER MAAR DIT WAS IETS VREESLIK. VERTEL JOU ALLES IN MY BOEK.
AL MY LIEFDE EN SOMMER BAIE VERLANGE,
RINA.

Om te dink dat ons vandag al 9 maande vanuit die Kaap is. En om te dink dat nog 5 maande voorlê. Wel, die tyd vlieg, en ek hoop dat dit van nou af nog vinniger sal gaan. As ek in die veld was, sou dit verseker die geval gewees het. Henry-hulle kuier nog lekker, en dit lyk nie of hulle planne het om gou terug te kom nie.

Clive het vandag die 1e voël gesien – so somer is hier. Hy was by die Huskies, en het gesien dat een aanmekaar na bo kyk, en toe hy ook opkyk het hy die voël gesien. Dit het soos 'n Antarktiese petrel gelyk glo. Ek was besig met kook, so kon nie uitgaan nie.

Die wind het skielik vanaand opgekom, en dit lyk of 'n storm aan die kom is. Heeldag het die wind so effens gewaai, dog dit het erger teen die aand geraak, sodat dit teen 12 nm amper 50 knope gewaai het.

Peter ~~Rick~~, Barry, Schalk en ek het vanaand weer krieket gespeel, en 'n hoeveelheid Vodka verorber, sodat dit nou al amper 4 vm is.

Niks verder van nuuswaarde, so nag daar ers.

Woensdag 8 Okt. 1969.

Vandag was my laaste kookdag, van 'n kookbeurt wat gevlieg het. Die Koskokery is nou nie

is my die heel aangenaamste werk nie, en is ek altyd bly as 'n beurt verby is. Die beurt was nog goed, want ons het nou tans net een keer ete per dag.

Dit is vanaand ontsettend koud in die slaapkwartiere - sodat ek onder 5 komberse slaap. 2 is dubbel. Die Hansson se skoorsteen het afgebreek op die oggend - met die gevolg dat die sneeu nou in die storm met die skoorsteen af instroom. Gisteraand al het Clive die Hansson afgeskakel, en 'n ou laken teen gaan instop om die sneeu te keer. Daar lê 'n hoop sneeu vanaf die oggend vloer tot teen die dak - 8 vt hoog.

Die wind het so 45 knope deur die dag gehandhaaf, en pas ons maar binne die basis.

Gordon en Leon het teenspoed met hul sleetuig opgedoen. 'n "Conrod" het gebreek, en 'n gat deur die blok, en olie-bak geslaan, asook die aansitter vanaf sy stutte. Nou sal Wolf en Chris ingaan, Chris sal agterbly om Leon met die werk te help. Wolf sal Henry-hulle dan vergesel tot by Grunehogna, en weer terugkeer. Dit alles sal egter nog 'n hele tydjie neem. By die Hut maak hulle nou eers reg vir die veldwerk. Henry-hulle praat niks van die terugkeerdatum nie.

Wat kan ek jou nog vertel - behalwe dat ek baie verlang. Ek hoop die telefoonoproepe is goed volgende week. Dit is egter so koud - die wasem staan so voor my mond.

Lekker slaap.

Donderdag 9 Oktober 1969

Ek was nogal besig vandag, en die tyd het lekker vinnig verby gegaan. Die weer het aldaarde verbeter - vanaand 7 nm was dit heerlik warm (-8°C) en doodstil buite. Later het weer 'n voël gesien, dog kon dit nie identifiseer nie.

Ek het kos vir die kookbeurt van Barry uitgegee, en my Bukta film ontwikkel en 'n hele paar af-

drukke gemaak. Die son was egter so skuins, dat 'n mens baie moeilik kontras kry aanaf die wit gyserlakte.

Vanmiddag het ons na Joubert se program geluister, en het sy toe ons agterstallige brief gehad. Selfs die deel van die Bukta-toe gaaery. Dit lyk toe nie asof die Dept. dit gesensor het nie. Ons het die program baie geniet, want in die een brief het ons lekker nonsens aan haar verkoop oor ~~die~~ hoe hartseer die Huskies was omdat sy nie hul versoek gespeel het nie. Sy het toe in plaas van Groep 2 vir hul gespeel – Hondjies wat blaf – of so-iets.

Vandag het daar 'n telegram ~~van~~ Barry gekom om te sê dat sy Ouma oorlede is. Ons het toe nie Johan se verjaarsdag hier by Sanae gevier nie. Die Borga ouens klink asof hul 'n skreeuende party mee besig is. Gordon en Leon is maar bek-af dat hul nie by die Hut is nie.

Vanaand het ek o.a. Rob se valstande reggemaak. Hy een voortand het uitgebreek.

Clive en ek het toe vir ons kolle gemaak om na te skiet môre. Ons vier Heldedag met 'n skyfskietkompetisie. Hy het verlede jaar gewen. Rob het die gewere – .303's (3) skoongemaak. Die een is al in 1910 vervaardig. Behalwe die skyfskiet môre – ons hou duimvas vir mooiweer – wil ons probeer om 'n draai met die Huskies te ry, en om die diesel in te ~~bring~~ pomp. Verder is ek ook skrivie. Soos jy kan sien te 'n lekker bedrywige dag moontlik voor.

Ai, ek wens dat ek nou in die Kap. was vir die lekker langnaweek. Verlang lekker baie.

Wag, laat ek probeer slaap. Die Wanner werk weer, en is die kamers baie beter. Goeie nagrus, en 'n aangename naweek vir jou.

Vrydag 10 Oktober 1969

Vandag was toe alles behalwe wat ons voor gevra het. Die hele dag het die wind so 20 knope

gewaai, en het dit hard gereen. Dit was nie juis baie koud buite nie. Ek het vandag 'n swerm van so 3100 Antarktiese Petrels gesien wat stadig vanuit die ~~Oos~~ Weste windop oor die basis gevlieg het. Die Kaapse Duiwe en Ringe in besonder was baie geïnteresseerd en opgewonde.

Die sneeusmeltersak het weer die gees gegee. Die hele stag is los – a.g.v. die warm lug wat langs dit opgaan, en het toe die heel onderste drom inmekaar gedruk. Nuwe stroom langs die kant in, en ons sal nou seker maar vanaf die rigwalle sneeu op die dak in die sneeusmelter moet gooi. Tot en met die weer verbeter kan ons nie juis veel doen nie.

Die hele dag het ek my voor in bed gevoel, en het ek my maar met my skryfpligte besig gehou. Ek het my bad regtig ronner baie geniet – en ook nodig gehad.

Die R7301 is stukkend, en Rob werk daaraan. So nou wonder ek wat gaan van my sked. met Bennie word. Ek hoop maar drimvas dat hy dit kan herstel. Sy stil wil ek nie graag gebruik nie.

Vanaand het Barry, Peter, Schalk en ek toe maar weer krieket gespeel.

Ek het net na 11 gaan bad – toe eers twee kortverhale gelees, en wil nou probeer slaap.

Die tyd moet nou begin verby gaan – ek begin baie verlang.

Lekker slaap!

Saterdag 11 Oktober 1969

Vandag was maar betreklik vervelig. Dit was ook baie onaangenaam buite. Die wind het die hele dag so 30 knope gewaai, en dit was –15°C buite. Eers vanaand na 10 het dit gaan lê – en is dit nou doodstil buite. 'n Mens kan eintlik nie voorspel nie, dog dit lyk asof dit 'n mooi dag môre gaan wees. Ons sal seker dan gaan skyfskiet, en miskien ook die oggend met die honde ry.

Ek het niks in besonders vandag gedoen nie

Hennie was nie vandag op die lug nie, en ek kon maar
daarvoor nie môre. Met die Borga-ouens is alles nog dieselfde.
Chris en Wilf hoop om môre of Maandag na hulle toe te gaan.

Vanmiddag moes ek 'n tand van Phil trek. Ek
het dit al voorheen gestop. - Van gisteraand af het hy al
tandpyn, en vanmiddag het dit hom uit die slaap gehou.
Dit was maar 'n slegte tand.

Vanaand was weer fliekaand. Na 20 mins van die
einde af het die lampie geblaas. Daar is nou nog 4 spaar.
Ons sit 'n nuwe in, en ±3 mins. later blaas die ook. Die
kontakte van die lampie se hoof is te min. Ons sal die
volgende een nou moet versterk. Ons het toe maar die
fliek gestop net. Die belangstelling was ook nie groot.
Die Mets moes gaan werk - Chris het gaan slaap - Peter
het begin houtwerk doen (!) en Pieter het net verdwyn.
Net Schalk, Rob en ek het oorgebly.

Ek voel maar lusteloos - en is ook nogal vaak.
Hoop môre sal meer lekker wees. Vir eers slaap maar weer
lekker slaap. Ek wens ek was nou by jou - te lekker om
aan te dink. Sal maar net moet uithou!

Dinsdag 12 Oktober 1969.

Dit was 'n pragtige dag buite. Sonskyn, windstil, en so -25°C. Ek was nie buite. Het laat gelees, en toe
laat opgestaan.

Vanmiddag was ek baie lank voor die radio
besig. Hennie en oom Herman was albei op. Vir Piet kon ek
net eenkeer hoor - en kon ons ongelukkig nie verder gesels nie.
Die seine was maar swak, en moes ons selfs frekwensie verander.
Ek weet dat my Ma-hulle ook daar was, dog die kontak
was net te swak. Ek is jammer daaroor. Later het
ZS1AW ons vergesel - Koos v.d. Merwe van Plumstead en het
hy aangebied om jou te bel. Hy is voorsitter van die Amateur Radio Klub - van of net die Kaap of S.A. Ek is nie